



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION



## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2022**

**GASVRYHEIDSTUDIES  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE:** 200

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

---

**AFDELING A****VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C ✓

1.1.2 A ✓

1.1.3 D ✓

1.1.4 C ✓

1.1.5 B ✓

1.1.6 A ✓

1.1.7 B ✓

1.1.8 D ✓

1.1.9 A ✓

1.1.10 B ✓

(10 x 1) (10)

**1.2 PASITEMS**

1.2.1 F ✓

1.2.2 G ✓

1.2.3 A ✓

1.2.4 B ✓

1.2.5 D ✓

(5 x 1) (5)

**1.3 PASITEMS**

1.3.1 D ✓

1.3.2 F ✓

1.3.3 G ✓

1.3.4 C ✓

1.3.5 B ✓

(5 x 1) (5)

#### 1.4 EENWOORD-ITEMS

- 1.4.1 Purr ✓
- 1.4.2 Barquettes ✓
- 1.4.3 Begroting ✓
- 1.4.4 Churros / Beignets ✓
- 1.4.5 Kleredragkode ✓
- 1.4.6 Glasering / Kristallisering ✓
- 1.4.7 Kurkfooi ✓
- 1.4.8 Drankwet 59 van 2003/Drankwet ✓
- 1.4.9 Bloody Mary ✓
- 1.4.10 Bouquet Garni ✓ (10 x 1) (10)

#### 1.5 KEUSE

- A ✓
- B ✓
- D ✓
- F ✓
- H ✓ (Enige volgorde) (5 x 1) (5)

#### 1.6 VOLGORDE

- B / Franse Uiesop ✓
- E / Stokvis Meuniere ✓
- A / Suurlemoen sorbet ✓
- C / Tournedos a la Bordelaise ✓
- D / Crème Caramel ✓ (Moet in hierdie volgorde wees) (5)

**TOTAAL AFDELING A:** 40

**AFDELING B: KOMBUIS EN RESTAURANTBEDRYWIGHED;  
HIGIËNE, VEILIGHEID EN SEKURITEIT**
**VRAAG 2**

- 2.1    2.1.1 (a) Michael moedig jong sjefs aan om met die nuutste neigings te eksperimenteer / hulle het gereelde interne kompetisies. ✓ (1)
- (b) Hulle gebruik slegs vars bestanddele / Alle borde lyk dieselfde soos die foto's op die spyskaart ✓ (1)
- (c) • Michael neem jong leerlinge uit die plaaslike dorp, Franshoek, in diens ✓  
     • Hy koop plaaslike bestanddele ✓ (2)
- 2.1.2 • Wees hoflik in alle omstandighede ✓  
     • Wees stiptelik ✓  
     • Hou vertroulike inligting vir hom- of haarsel self ✓  
     • Wees regverdig in alle situasies en hou persoonlike menings privaat / wees objektief / moenie bevooroordeeld wees nie ✓  
     • Doen volle deel van werk en moenie dit aan ander oorlaat nie/ elkeen moet sy deel doen ✓  
     • Wees te alle tye op en wakker ✓  
     • Hanteer sensitiewe sake privaat en ooreenkomsdig met die organisasie se vereistes ✓  
     • Luister na ander / erken ander as individue met verskillende persoonlikhede / neem ander werkers in ag en moenie selfsugtig wees nie/ praat met mekaar / toon begrip. ✓  
     • Maak ruimte vir ander se menings en foute / wees verdraagsaam / wees gewillig en bereid om saam met ander te werk ✓  
     • Vra oopreg verskoning vir foute of misverstande ✓  
     • Praat duidelik in 'n taal wat die luisteraar verstaan ✓  
     • Oefen om saam met ander te werk / almal moet saamwerk om dieselfde doel te bereik ✓  
     • Vra hulp wanneer nodig / gee samewerking vir ander ✓  
     • Deel suksesse en mislukkings / geniet dit om in 'n span saam te werk ✓ (Enige 4 x 1) (4)
- 2.2    2.2.1 Die kliënt is koning / Gelukkige kliënt, winsgewende besigheid / Die kliënt is altyd reg / Bekroon die kliënt as koning ✓ (Enige gesikte antwoord) (1)

- 2.2.2 • Tevrede kliënte is bereid om te betaal / wanneer kliënte met goedere en dienste tevrede is, is hulle bereid om 'n redelike prys te betaal ✓  
 • Tevrede kliënte word lojale klante en keer terug na die besigheid ✓  
 • Positiewe mondelingse oordrag lok meer kliënte / kliënte praat gunstig oor hul ervarings ✓  
 • Hoe meer kliënte, hoe groter inkomste en winste / tevrede kliënte verbeter winsgewendheid ✓ (4 x 1) (4)
- 2.3 • Gaste kan kamers bespreek deur van veilige aanlynsekuriteit gebruik te maak wat hulle private en finansiële inligting beskerm ✓  
 • Pryse en fasilitete wat deur verskillende hotelle aangebied word, kan vergelyk word ✓  
 • Foto's van hotelle en hotelkamers se inligting oor prysen en spesiale aanbiedinge sowel as die omgewing, kan aanlyn gevind word ✓  
 • Is nuttig vir laaste minuut reisreëlings ✓  
 • Dit is vinniger en meer effekief ✓  
 • As 'n spesifieke hotel vol is, het die gaste toegang na ander eiendomme in die omgewing ✓  
 • Gaste kan terugvoering van ander gaste lees om 'n ingeligte keuse vir 'n hotel te maak ✓  
 • 'n Gasteprofiel kan geskep word wat verseker dat inboek kabelloos kan plaasvind en verhoed dat gaste in lang rye hoef te wag ✓ (Enige 4 x 1) (4)
- 2.4 • Daar is geen bekende risiko van MIV-oordrag na medewerkers, gaste of kliënte nie ✓  
 • Deel van eetgerei soos messe en vurke of die gebruik van dieselfde badkamer fasilitete is nie 'n risiko nie ✓  
 • Wetenskaplikes en mediese owerhede stem saam dat MIV nie buite die liggaam oorleef nie, omdat suurstof die virus vernietig ✓  
 • Voedselwerkers met Vigs moet soos enige ander werker hanteer word, tensy hulle ander infeksies of siektes soos diarree of hepatitis het ✓  
 • Die eienaar van 'n besigheid wat 'n werker met Vigs afdank, kan aangekla word van onregverdige ontslag/ diskriminasie ✓ (Enige 3 x 1) (3)

**TOTAAL AFDELING B:** **20**

**AFDELING C: VOEDING EN SPYSKAARTBEPLANNING;  
VOEDSELKOMMODITEITE****VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 Laat elke jellie-laag toe om te stol voordat 'n nuwe laag bygevoeg word ✓ (1)
- 3.1.2 Verhelderde vleis, vis of pluimvee-gegeurde aftreksel wat stol met afkoeling / Soutige jellie gemaak van 'n sterk aftreksel waarvan die gelatieninhoud vermeerder is ✓ (1)
- 3.1.3 (a) Week vir ten minste 15 minute in koue water totdat dit baie sag is ✓ (1)
- (b) • Verwyder sagte velle uit die water, moenie die water uitdruk nie ✓  
• Roer die gelatien in die warm vloeistof in totdat dit heeltemal opgelos is ✓ (2)
- 3.1.4 Laat die mengsel toe om tot 'n dik konsekwentheid van eierwit te verdik voordat vaste bestanddele bygevoeg word ✓/verkoel die gelatien oor 'n ys-waterbad totdat dit stroperig raak, voordat vaste stowwe bygevoeg word / vaste bestanddele behoort sonder enige vloeistof te wees ✓ (2)
- 3.1.5 • Probeer om nie 'n mes in te steek nie ✓  
• Trek dit liggies weg van die kante met jou vingerpunte ✓  
• Gebruik 'n blaasvlam vir 'n kort rukkie aan die binnekant van 'n metaalvorm ✓  
• Plaas 'n warm doek rondom die vorm ✓  
• Doop die vorm in warm water vir 1–2 sekondes ✓ (Enige 3 x 1) (3)
- 3.2 3.2.1 Mille-feuilles ✓ (1)
- 3.2.2 Skilferdeeg/rublaardeeg ✓ (1)
- 3.2.3 (a) Dit dra tot die geur by / dit gee 'n ryk smaak / dit gee 'n mooi kleur ✓ (1)
- (b) Die suur in die suurlemoensap versag die gluten in die meel en maak die deeg meer buigsaam en makliker om uit te rol. ✓ (1)
- 3.2.4 (a) Geklopte room / bakkersvla / mousse / chiffon-vulsel / vars vrugte ✓✓ (Enige 2 x 1) (2)
- (b) Ganache / glansversiersel / sjokoladesous / gesifte versiersuiker / spinsuiker ✓✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.3	3.3.1	Okkerneute ✓	
	3.3.2	Grondboontjies ✓	
	3.3.3	Pekanneute ✓	
	3.3.4	Dennepitte ✓	(4)
3.4	3.4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• TGP/TPP het 'n goeie raklewé en kan tot 'n jaar lank gehou word ✓</li> <li>• Vleis moet in 'n yskas of vrieskas bewaar word anders sal dit binne 'n paar dae begin verrot ✓</li> </ul>	(2)
	3.4.2	Beide is goeie bronne van proteïene ✓	(1)
	3.4.3	TGP/ TPP is baie goedkoper as vleis/ Vleis is baie duurder as TGP/ TPP ✓	(1)
3.5	3.5.1	<p>Totale koste = koste van bestanddele + arbeidskoste + oorhoofse koste ✓</p> $\begin{aligned} &= R12\ 000 + R2\ 800 + R1\ 500 \checkmark \\ &= R16\ 300 \checkmark \end{aligned}$ <p>Verkoopprys = totale koste + wins ✓  <math display="block">\begin{aligned} &amp;= R16\ 300 + R19\ 700 \\ &amp;= R36\ 000 \checkmark \end{aligned}</math></p>	(5)
	3.5.2	<p>Bruto wins = verkoopprys – voedselkoste  <math display="block">\begin{aligned} &amp;= R36\ 000 - R12\ 000 \checkmark \\ &amp;= R24\ 000 \checkmark \end{aligned}</math></p>	(2)
	3.5.3	<p><math>36\ 000 / 120 \checkmark</math>  <math>= R300 \checkmark</math></p>	(2)
	3.5.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Doen vergelykende inkopies/ koop voedsel by meer as een verskaffer ✓</li> <li>• Tref voorsorgmaatreëls teen diefstal ✓</li> <li>• Beheer personeel se toegang tot voedsel soveel moontlik ✓</li> <li>• Lei werknemers deeglik op – dit sal die koste van bestanddele tot die minimum beperk/Voedselhouers wat breek, aandbrand van kos en ander ongelukke sal alles die wins verlaag ✓</li> <li>• Meet porsies akkuraat af / vermy oorproduksie van voedsel ✓</li> </ul> <p>(Enige 3 x 1)</p>	(3)
3.6		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan vir soet- of sout geregte gebruik word ✓ byvoorbeeld room-poffertjies met vla-/ roomvulsel of tuna/kaas/ biltong/ roomkaas en rissie vulsel ✓</li> </ul>	
		<b>OF</b>	
		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Is gesik vir 'n verskeidenheid gaarmaakmetodes ✓ byvoorbeeld gebak (éclairs)/ in diepvet gebraai (aigrettes) of posjeer (gnocchi) ✓</li> </ul>	(2)
			[40]

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 Nie geskik ✓

**Rede:** Soet happies word nie bedien wanneer daar 'n maaltyd volg nie ✓

(2)

4.1.2 (a) • Nie geskik ✓

- Bobotie rolletjies en Biltong- en roomkaas bouchée bevat melk en vleis / Jode meng nie vleis en melkprodukte tydens 'n maaltyd nie ✓

**EN/OF**

Engelruitertjies bevat spek en skulpvis. Beide items word nie toegelaat in Kosjer kookkuns nie ✓

(2)

(b) • Nie geskik ✓

- Engelruitertjies bevat spek / Moslems word nie toegelaat om vark/spek te eet nie / Brandewynballetjies bevat alkohol / Moslems gebruik nie alkohol nie ✓

**OF**

- Geskik ✓

- Behalwe vir Engelruitertjies en Brandewynballetjies word alle ander disse in die Moslem dieet toegelaat/ Moslems moet net daarvan weerhou om Engelruitertjies en Brandewynballe te eet ✓

(2)

(c) • Nie geskik ✓

- Boeddhistes is streng vegetariërs / Alle soutgeregte bevat vleis ✓

(2)

4.1.3 Vrugte en Groente ✓

(1)

4.1.4 **Sout**

Crudité / groente tempura / gebakte, gevulde sampioene/ spinasie tertjies / murgpampoentjiepoffertjies / mieliepoffertjies/ groente-sosaties ✓

(Enige geskikte antwoord)

**Soet**

Aarbeie gedoopt in sjokolade/ vrugte en vlatertjies/ mini toffie appels/ appel of peer tertjies/ vrugte-kebab/ sjokolade fontein met vars vrugte ✓

(Enige geskikte antwoord)

(2)

4.2 • Vakuum verseëeling/ verpakking ✓

- Bevriesing/ verkoeling ✓

- Droog maak/ biltong ✓

- Rook ✓

- Behandel met bymiddels / natuurlike preserveermiddels / sout en asyn ✓

(Enige 3 x 1) (3)

- 4.3 Was flesse in warm seperige water en spoel goed. Dan kan dit ...
- vir 10 minute in water gekook word ✓
  - onderstebo in 'n warm oond gedroog word ✓
  - in die mikrogolfoond verhit word totdat die water verdamp het ✓ (3)
- 4.4 4.4.1 A – Gebakte Alaska ✓  
B – Pavlova ✓ (2)
- 4.4.2
- | TIPE MERINGUE                          | VOORBEREIDINGS TEGNIEK   |
|--|--|
| Franse meringue /<br>Gewone meringue ✓ | Klits eierwitte tot 'n sagte punt en voeg suiker geleidelik by ✓ (2)         |
| Switserse meringue ✓                   | Klits eierwitte en suiker oor 'n bain-marie / totdat suiker opgelos is ✓ (2) |
| Italiaanse meringue ✓                  | 'n Warm stroop word oor eierwitte gegooi terwyl dit geklits word ✓ (2) (6)   |
- 4.4.3
- Alle toerusting moet sonder olie of vet wees ✓
  - Eierwitte moet geen eiergeel bevat nie ✓
  - Mengbakke moet van 'n materiaal wees wat nie vet behou nie, soos glas, porselein of vlekvrye-staal ✓
  - Eierwitte skuim die beste by kamertemperatuur ✓
  - Sure soos kremetart en suurlemoensap help om die skuim te stabiliseer ✓ (Enige 3) (3)
- 4.5 4.5.1 A – Skeen / skenkel ✓  
B – Voorrib ✓  
C – Filet ✓ (3)
- 4.5.2 (a) B / Voorrib ✓  
Motivering:  
Dit is 'n groot stuk vleis wat dit die moeite werd maak en is maklik om te ontbeen, vul en rol/ dit het genoeg marmering vir 'n lang, stadige gaarmaakproses van potbraai ✓
- (b) A / Skeen / Skenkel ✓  
Motivering:  
Dit bevat been wat geur verskaf / dit is 'n taai vleissnit en geskik vir die lang, stadige gaarmaakproses van aftreksel en sop ✓
- (c) C / Filet ✓  
Motivering:  
Dit is die sagste vleissnit en geskik vir die kort gaarmaaktyd soos byvoorbeeld om Steak Diane te braai ✓ (6)

- 4.6 • Dit rek die aantal porsies wat uit 'n snit verkry word ✓  
• Dit verbeter en dra by tot die voorkoms van die vleisgereg ✓  
• Dit dra by tot die geur van die gereg ✓  
• 'n Verskeidenheid interessante geregte kan voorberei word ✓  
• Ekstra tekstuur word by die gereg gevoeg ✓ (Enige 3 x 1) (3)  
[40]

**TOTAAL AFDELING C:** 80

**AFDELING D: SEKTORE EN LOOPBANE; VOEDSEL- EN DRANKDIENS****VRAAG 5**

- 5.1    5.1.1    • Die vermoë om 'n sakegeleentheid te identifiseer/ neem berekende risiko's om sukses te behaal ✓  
             • Toewyding en deursettingsvermoë ✓  
             • 'n Sin vir verantwoordelikheid en 'n liefde vir prestasie ✓  
             • Kreatiwiteit, selfstandigheid en aanpasbaarheid ✓  
             • Toekomsgerigte georiënteerde perspektief ✓  
             • Vertroue dat sukses behaal sal word ✓  
             • Goeie organisasie- en bestuursvaardighede ✓  
             • Hoë vlakke van energie en 'n sin vir humor ✓                                  (Enige 4 x 1)                                  (4)

5.1.2	Sterk punte ✓    (1)	Mnr. Watkins het in hotelomgewings grootgeword/ Mnr. Watkins is bekend met hotelbestuur/ Mev. Watkins is 'n opgeleide sjef / daar is geen ander hotelle in 'n 120 km radius en slegs 4 gastehuise in hulle dorp / die dorp is 'n gewilde halfweg stop tussen Bloemfontein en Port Elizabeth vir sakereisigers en vakansie toeriste ✓ (Enige 1) (1)
	Swak punte ✓    (1)	Die hotel is in 'n afgeleë dorp, 200 km van die naaste groot stad/ Vars produkte is nie maklik bekombaar nie ✓                                  (Enige 1) (1)
	Geleenthede ✓    (1)	Verander 'n ou hotel in 'n unieke, winsgewende boetiekhotel / lok besoekers met spesiale maaltye/ neem plaaslike mense in diens/ begin 'n volhoubare vrugte- en groentetuin/ suksesvolle bemarkingstrategieë (mondelinge oordrag en sosiale media) ✓                                  (Enige 1) (1)
	Bedreidings ✓    (1)	Toeriste kan verkies om in goedkoper gastehuise te bly / slegte terugvoer op sosiale media ✓                                  (Enige 1) (1)

- 5.1.3    • Ontvangsdame ✓  
             • Sjefs / kombuis-assistente ✓  
             • Skoonmakers / wassery-assistente ✓  
             • Restaurantbestuurder / maître d'/ kelners / kroegman ✓  
             • Tuinier / Instandhoudingsbestuurder ✓  
             • Boekhouer ✓  
             • Sekuriteitspersoneel ✓                                  (Enige 4 x 1)                                  (4)

- 5.1.4 • Plaaslike kunstenaars kan handgemaakte artikels produseer/aandenkings vir gaste om te koop ✓  
 • Goeie kokke kan die hotel van tuisgemaakte voedselitems voorsien, byvoorbeeld brood / koeke en nagereg/ soet happies/ biltong/ konfyt ✓  
 • Plaaslike boere kan hul vars produkte aan hulle verkoop, byvoorbeeld vleis/ biltong/ vrugte en groente ✓  
 • Wassery diens ✓  
 • Pendeldiens/ toergids vir plaaslike aantreklikhede ✓  
 • Instandhouding/ tuindienste ✓ (Enige 3) (3)
- 5.1.5 • Voorkantoor/ Ontvangs ✓  
 • Finansies/ Boekhouding ✓  
 • Huishouding ✓  
 • Instandhouding ✓  
 • Sekuriteit ✓  
 • Bemarking ✓  
 • Wassery ✓  
 • Menslike Hulpbronne ✓ (Enige 3) (3)
- 5.1.6 • Aantreklike, duidelike en aanloklike profiel foto's ✓  
 • Goeie, duidelike beskrywings en rigtingaanwysings op die blad ✓  
 • Goeie kwaliteit foto's waarby persoonlike detail bygevoeg is ✓  
 • Gereelde opdateer van foto's ✓  
 • Reageer so vinnig moontlik op kommentaar van gaste ✓  
 • Moedig gaste aan om by te dra tot die bladsy met *likes*, foto's en kommentaar ✓ (Enige 3 x 1) (3)
- 5.1.7 • Skakel alle elektriese toerusting af ✓  
 • Gebruik die brandblusser om die vuur te blus ✓  
 • Druk die brandalarm ✓  
 • Vra gaste en personeel om die gebou te ontruim en neem hulle na 'n veilige plek ✓  
 • Bel die plaaslike brandweer ✓  
 • Personeel moet kalm bly en die gaste kalm hou ✓  
 • Ontruim die restaurant ✓ (Enige 3 x 1) (3)
- 5.1.8 • Belê in herlaaibare gloeilampe by bedkassies ✓  
 • Belê in omskakelaars / opwekkers / sonpanele ✓  
 • Maak gas- of olielampe/ kerse met vuurhoutjies / battery gedrewe ligte beskikbaar in die kamers ✓ (Enige 2 x 1) (2)  
**[30]**

**VRAAG 6**

- 6.1 6.1.1
- | KULTIVAR         | WYNKLASSIFIKASIE | SOET OF DROOG |
|------------------|------------------|---------------|
| Spesiale Laatoes | Wit ✓            | Soet ✓        |
| Sauvignon Blanc  | Wit ✓            | Droog ✓       |
| Brut Vonkelwyn   | Vonkel ✓         | Droog ✓       |
| Pinotage         | Rooi ✓           | Droog ✓       |
| Sjerrie          | Gefortifiseer ✓  | Soet ✓        |
- (10)
- 6.1.2 (a) Sauvignon Blanc ✓  
 (b) Spesiale Laatoes ✓  
 (c) Sjerrie ✓  
 (d) Pinotage ✓  
 (e) Brut Vonkelwyn ✓
- (5)
- 6.2 • Groet en verwelkom die gaste ✓  
 • Laat gaste aansit ✓  
 • Ontvou die servette ✓  
 • Stel jouself voor ✓  
 • Bied die spyskaart en wynlys aan ✓  
 • Neem bestellings vir drankies ✓  
 • Verwyder ongebruikte gedekte plekke van gaste wat nie opgedaag het nie ✓
- (Moet in die korrekte volgorde wees) (Enige 5 x 1) (5)
- 6.3 **Op-die-perseel-dranklisensie**
- Die ondernemings mag drank saam met 'n maaltyd bedien, maar gaste mag geen oop drankbottels van die perseel verwyder nie/ drank mag verbruik word waar dit gekoop is, maar mag nie van die perseel verwyder word nie ✓
  - Voorbeeld: hotelle, restaurante, kroeë, teaters, klubs, sportgronde, tydelike onthaalplekke ✓
- Van-die-perseel-af-dranklisensie**
- Die onderneming verkoop alkohol, maar klante mag nie die bottels op die perseel oopmaak en drink nie / verkoop alkohol wat op 'n ander plek verbruik gaan word ✓
  - Voorbeeld: hotelle, drankwinkels, kruidenierswinkels, wynplase, groothandelaars, drank-afsette ✓
- (4)

- 6.4 • Verwyder alle gebruikte items en toerusting, soos koffie koppies, blomme en glasware op 'n skinkbord ✓  
 • Ruim alle tafels op van ongebruikte eetgerei en breekware en kruiestelletjies ✓  
 • Verwyder linne van die tafel ✓  
 • Verseker dat daar geen krummels op stoele is nie en dat stoele na hul korrekte plekke terug geskuif is ✓  
 • Skakel alle elektriese toerusting af ✓  
 • Skoonmaak van alle items ✓  
 • Stoer alle items in die korrekte plekke ✓  
 • Vee toonbanke en tafels af ✓  
 • Skakel warm elektriese toerusting af en maak dit skoon ✓  
 • Rangskik die tafels en berei die eetkamer vir die volgende diens voor ✓  
 • Volg die korrekte skoonmaakprosedure vir linne, breekware, messegoed, glasware en ander toerusting wat gebruik was ✓  
 • Stoer die linne, breekware, messegoed, glasware en toerusting op die korrekte plek en manier, maak seker dat stoorkamers en kaste gesluit is ✓  
 • Voorbereiding van die area en werkstasies vir die volgende diens ✓

(Enige 4 x 1) (4)

- 6.5 6.5.1 Die maître d' moet ondersoek instel en die kelner berispe veral as die kelner rook of met vriende gesels ✓ (1)  
 6.5.2 Kelners moet die bestelling neerskryf en aan die kliënte herhaal ✓ (1)  
**[30]**

**TOTAAL AFDELING D:** 60  
**GROOTTOTAAL:** 200